
# Afdeling Natuurwetenskappe en Tegnologie

## Prof. Christiaan Jacobus Swanepoel



### BIOGRAFIESE PROFIEL

Prof. Chris Swanepoel is op Stellenbosch gebore. Van 1985 tot 1990 het hy wiskunde en natuurwetenskap aan die Hoërskool Vorentoe in Johannesburg gegee. Daarna was hy ’n lektor in wiskunde by die Universiteit van Pretoria tot 1995, senior lektor in die Departement Kwantitatiewe Bestuur by Unisa tot 1996, medeprofessor in dieselfde departement tot 1998 en professor sedert 1999. In 2019 het hy ’n Kategorie III-erkenningstoekenning van die Operasionele Navorsingsvereniging van Suid-Afrika (ONSA) ontvang. Hy is ook lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

---

### MOTIVERING VIR NOMINASIE

Prof. Chris Swanepoel is ’n swaargewig in akademiese bestuur en leierskap en geniet ook as vakkundige in besluitkunde baie wye aansien. Sy nederigheid en vriendelikheid, saam met die nugtere, ewewigtige, weldeurdagte en gebalanseerde wyse waarop hy alle besprekings, besluite en probleme benader, is inderdaad baie besonders. Afrikaans lê hom baie na aan die hart en sy teenwoordigheid op die Akademieraad sal van onskatbare waarde wees.